NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 5 NOVEMBER 2014 OM 10:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Administrasie]
Voorsitter, Vakant [Finansies]
Ondervoorsitter, rdh N J A Rust

Abrahams, M Z
Cloete, C M
Cox-Bruintjies, Y S
Geel, B W
Goliath, M S I
Humphreys, F S
Rangasamy, M
Sedeman, A C
Stemele, O M

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Senior Bestuurder: Tegniese Dienste, mnr L Zikman
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl B W Geel open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl J H Cleophas.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 8 OKTOBER 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 8 Oktober 2014 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND

BESLUIT dat daar met dank kennis geneem word van die skrywes soos met die sakelys gesirkuleer.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 KWARTAALVERSLAE: JULIE – SEPTEMBER 2014

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)
5.1.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)
5.1.3 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)(5/7/1/1)

Na aanleiding van 'n navraag vanaf rdl A C Sedeman aan die Munisipale Bestuurder m.b.t. die aankoop van grond in Kalbaskraal vanaf Transnet, noem die Munisipale Bestuurder dat daar geen meldelike vordering tot hierdie aspek is nie weens die aftrede van mnr. Danny Carstens.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr. J T Steenkamp noem dat 'n afspraak met mnr. Rob Billett van Transnet vasgestel sal word om sodoende 'n formele aansoek en voorstel in te dien.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder, Direktoraat Korporatiewe Dienste en die Direktoraat Finansiële Dienste vir die tydperk Julie - September 2014, sowel as van die vordering met die SDBIP;

AANBEVEEL VERDER

(b) Dat – op navraag vanaf rdl A C Sedeman – kennis geneem word van die kommentaar van die Munisipale Bestuurder en die Direkteur: Ontwikkelingsdienste ten opsigte van die aankoop van grond in Kalbaskraal vanaf Transnet.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 **BIBLIOTEEKDIENSTE VIR ABBOTSDALE (17/8/B) (WYKE 4 & 7)**

Die Departement Kultuursake en Sport, wat verantwoordelik is vir die daarstel van nuwe biblioteke, het finansiering ten bedrae van R5 miljoen in totaal oor twee finansiële jare (2015/16 en 2016/17) aan die Munisipaliteit bewillig om biblioteekdienste op Abbotsdale te vestig en waarvoor 'n geskikte perseel geïdentifiseer moet word.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

(a) Dat kennis geneem word:
  (i) dat die Wes-Kaapse Biblioteekdienste 'n bedrag van R5 miljoen oor twee finansiële jare (2015/16 en 2016/17) aan die Munisipaliteit bewillig het vir die aanbou van 'n nuwe biblioteek in Abbotsdale; en
  (ii) van die drie voorgestelde erwe wat vir die projek geïdentifiseer is;

(b) Dat die voorgestelde plasing van die nuwe biblioteek in die nuwe behuisingskema gesteun word, en daar in die betrokke verband met Biblioteekdienste gekonsulteer sal word om die mees aangewese perseel te bepaal, na gelang die grootte en afmetings van die gebou;

AANBEVEEL VERDER

(c) Dat kennis geneem word, vir doeleindes van voormelde konsultasie met die Biblioteekdienste, dat die betrokke wykskomitee sy steun uitgespreek het vir erf 1255 as voorkeuropsie.

6.2/...

6.2 **HOOIKRAAL, MOORREESBURG: GEBRUIK VAN MUNISIPALE GROND VIR WEI VAN PERDE (13/3/4/1) (WYK 1)**

Me J Odendaal, huurder van erf 2459, het ’n aansoek ingedien om haar perde bedags op die aangrensende erf 2414 te wei.

AANBEVEEL
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat goedkeuring verleen word dat erf 2414, Moorreesburg vir weidingsdoeleindes aan me J Odendaal van Agstelaan 6, Hooikraal, Moorreesburg beskikbaar gestel word vir die weiding van hoogstens twee perde, onderhewing aan die volgende voorwaardes:

(a) Weiding slegs gedurende die dag mag geskied en die perde dus saans na hul stalle moet terugkeer;
(b) Die aansoeker die omheining in stand moet hou en toesien dat die perde nie die eiendom kan verlaat nie;
(c) Die perde nie ’n oorlas mag veroorsaak vir aanliggende bure of inwoners van die area nie;
(d) Die aansoeker jaarliks teen 1 Oktober ’n skriftelike aansoek moet in dien om die perde te mag laat wei op die eiendom, by gebreke waartoe die vergunning outomaties sal verval;
(e) Die Raad die reg voorbehou om die vergunning te eniger tyd te mag terugtrek, onder meer indien daar klagtes van inwoners ontvang word of die erf vir ander doeleindes benodig mag word;
(f) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste volmag verleen word om jaarliks te handel met bovermelde skriftelike aansoek, binne die voorwaardes soos gelys in die verslag.

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter, rdl O M Stemele

Abrahams, M Z
Fortuin, C
Goliath, M S I
Papers, C H
Rust, N J A
Van der Merwe, J I
Van Zyl, M
Wilskut, W
Zatu, N S

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Senior Bestuurder: Tegniese Dienste, mnr L Zikman
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:27 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle J H Cleophas en B J Stanley, sowel as die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 8 OKTOBER 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl B W Geel)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 8 Oktober as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 KWARTAALVERSLAE: JULIE – SEPTEMBER 2014

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)
5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste behandel die maandverslag van die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem dat, m.b.t. die beplande kragonderbreking vir Yzerfontein geskeduleer vir 26 November 2014, dat die

5.1.2/...

munisipaliteit beswaar aangeteken het, maar ongelukkig nie suksesvol is nie weens die aard van die instandhoudingswerk wat verrig moet word.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem verder dat die fase 2 beurtkrag wat deur ESKOM op Sondag 2 November 2014 ingestel was, was a.g.v. 'n silo wat by die Majuba-kragstasie ineengestort het.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste versoek dat, aangesien ESKOM nie kon bevestig of daar verdere kragonderbrekings sal wees nie, die pers dopgehou word om sodoende ingelig t.o.v. die beurtkrag te wees.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die tydperk Julie – September 2014;

AANBEVEEL VERDER

(b) Dat die beplande kragonderbreking vir Yzerfontein geskeduleer vir 26 November 2014, voort sal gaan weens instandhoudingswerk wat verrig moet word;

(c) Dat die pers dopgehou word om sodoende ingelig te wees t.o.v. beurtkrag wat deur ESKOM ingestel mag word.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 CHATSWORTH OOREENKOMS TUSSEN SWARTLAND MUNISIPALITEIT EN AGRICO MACHINERY: DAARSTEL VAN SPORTGRONDE (17/9/2/2/2-2) (WYK 4)

'n Ooreenkoms het ontstaan toe 'n stormwater vertragingstruktuur gedurende 2010 op die Andragplaas se grond aangebring is om die jaarlikse oorspoeling in Vyfdelaan en omliggende erwe te beperk.

Mnr. Theo Andrag, vorige eienaar, het 'n versoek gerig dat die water wat in die vertragingsdam agterbly, vir landboudoeleindes aangewend word. 'n Besigheidsplan was aan die Departement van Waterwese voorgelê vir goedkeuring om die water te gebruik en deel van die besigheidsplan was dat hy sportgronde vir die gemeenskap van Chatsworth moet ontwikkel en onderhou.

'n Drieledige ooreenkoms tussen Agrico, Departement van Waterwese en Swartland Munisipaliteit het tot stand gekom om verskeie voorwaardes te laat realiseer. Die Departement van Waterwese het versuim om met Agrico te korrespondeer en kon die voorwaardes ten opsigte van die waterverbruik en sportvelde dus nie realiseer nie.

Druk was vanuit die gemeenskap van Chatsworth toegepas om die sportgronde daar te stel en daar is besluit om die Departement van Waterwese buite rekening te laat en 'n tweeledige ooreenkoms (tussen Swartland Munisipaliteit en Agrico) is aangegaan wat onder andere die volgende bepaal:

a) Dat 'n rugbyveld deur Agrico aangebring en vir vyf jaar onderhou word;
b) Dat die Munisipaliteit die grensheinings van 3 260 meter sal onderhou.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl J I van der Merwe, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

a) Dat kennis geneem word van die ooreenkoms tussen Swartland Munisipaliteit en Agrico;

AANBEVEEL VERDER:

b) Dat – op versoek van rdl J I van der Merwe, ondersteun deur rdh M S I Goliath – hierdie item terugverwys word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om sodoende samesprekings tussen die Swartland Munisipaliteit, Agrico, sportforums en die gemeenskap van Chatsworth te bewerkstellig.

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]
Ondervoorsitter, rdl A C Sedeman

Geel, B W
Goliath, M S I
Papers, C H
Philander, D B
Rangasamy, M
Rangasamy, M
Sneewe, A M
Van der Merwe, J I
Van der Westhuizen, R F

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Senior Bestuurder: Tegniese Dienste, mnr L Zikman
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:45 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl B J Stanley.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 8 OKTOBER 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 8 Oktober 2014 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. BESKERMINGSDIENSTE

5.1 KWARTAALVERSLAG: JULIE – SEPTEMBER 2014

5.1.1 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

Die Direkteur: Beskermingsdienste gee terugvoering aangaande die afbreek van die leë hokke by die kleinboere.

Die wetstoepassingsafdeling het 10 strukture afgebreek, waar ’n eienaar self 3 strukture afgebreek het.

5.1.1/Na...

Na 'n navraag vanaf rdl van der Merwe m.b.t. die verordening aangaande die aanhou van diere, maar spesifiek t.o.v. die skut van diere, noem die Direkteur: Beskermingsdienste dat Swartland Munisipaliteit se verordening word tans hersien en sal by die volgende Raadsvergadering voorgelê word.

Die Onder-burgemeester, rdh M S I Goliath, bedank die Beskermingsdienste Direktoraat vir die afbreek van die strukture en versoek dat 'n volledige opname van die huidige hokke gedoen word asook die eienaarskap van die hokke vasstel.

5.2 MAANDVERSLAG: SEPTEMBER 2014

5.2.1 VERKEER & WETSTOEPASSINGSDIENS (7/1/2/2-3)

Rdl W Wilskut versoek dat 'n ondersoek ingestel word aangaande die onwettige minibus-taxis wat in die Swartland-area besigheid doen, asook die minibusse wie buite hul jurisdiksie besigheid doen.

Rdl J I van der Merwe versoek dat daar gesprekvoering met die Departement van Openbare Vervoer gehou moet word aangesien openbare vervoer in die Swartland 'n probleem is weens die tekort daaraan asook die omvang van onwettige minibus-taxis.

5.2.2 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdle R F van der Westhuizen en A M Sneewe)

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaal verslag vir die tydperk Julie – September 2014 asook die maandverslag van die Verkeer- en Wetstoepassingsdiens en Brandbestryding van die Direktoraat Beskermingsdienste vir die tydperk September 2014;

AANBEVEEL VERDER

(b) Dat kennis geneem word van die 10 strukture wat by die kleinboere afgebreek was asook die 3 strukture wat deur die eienaar afgebreek was;

(c) Dat kennis geneem word van die dankbetuiging uitgespreek deur rdh M S I Goliath teenoor die Beskermingsdienste direktoraat asook – op versoek van rdh M S I Goliath – 'n opname gedoen word om die aantal strukture te bepaal en sodoende eienaarskap vas te stel;

(d) Dat kennis geneem word – op versoek van rdl W Wilskut – dat 'n ondersoek ingestel word aangaande die onwettige minibus-taxis wat in die Swartland-area besigheid doen, asook die minibusse wat buite hul jurisdiksie besigheid doen;

(e) Dat kennis geneem word – op versoek van rdl J I van der Merwe – dat gesprekvoering met die Departement van Openbare Vervoer gehou moet word aangesien openbare vervoer in die Swartland 'n probleem is weens die tekort daaraan asook die omvang van onwettige minibus-taxis.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7/...

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ONTWIKKELINGSDIENSTE

7.1 KWARTAALVERSLAG: JULIE – SEPTEMBER 2014 (7/1/2/2-1)

Rdl D B Philander versoek dat 'n werkswinkel aangaande die *Human Settlements Plan* met die raadslede plaasvind.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die tydperk Julie – September 2014;

AANBEVEEL VERDER

(b) Dat kennis geneem word – op versoek van rdl D B Philander – dat 'n werkswinkel met die raadslede plaasvind aangaande die *Human Settlements Plan*.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: BESKERMINGSDIENSTE

(GET) W WILSKUT
VOORSITTER: ONTWIKKELINGSDIENSTE